higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 2

(5050032)

20 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Informele leer vind plaas …

A in die klaskamer.
B buite die opvoedkundige infrastruktuur. ❖
C gedurende formele skoolopvoeding.
D gedurende ekstra klasse.

1.1.2 Die siekte van ons tyd weens ons veeleisende leefstyl kom voor in die vorm van …

A angstigheid.
B vrees.
C stres.
D paniek.

1.1.3 As mense op dieselfde of soortgelyke manier optree in verskillende situasies is hul gedrag …

A radikaal.
B spontaan.
❖ C konsekwent.
D verregaande.

1.1.4 'n Nadeel van rekenaargebaseerde leer is …

A om op jou eie tyd te studeer.
B maklike gebruik van programme.
C beskikbaarheid van instrukteurs.
D slegte studiegewoontes.

1.1.5 Die enigste wyse waarop ons selfbewussyn kan ontwikkel is deur …

A besinning.
B inisiatief.
C motivering.
D emosies.

1.1.6 Mense wat op hul vyf sintuie staatmaak om inligting waar te neem is … mense.

A intuïtiewe
B gevoels ('sensing') ❖
C introvert
D veroordelende

Kopiereg voorbehou

1.1.7 … word dikwels beskou as die hoogste vorm van denke.

A Probleemoplossing
B Om te dagdroom
C Debattering
D Redenasie

1.1.8 Opvoeders val onder … volgens die breë faktore.

A openheid
B ekstroversie
C neurotisme
D inskiklikheid

1.1.9 Die unieke manier waarop mense die wêreld rondom hulle verstaan word … genoem.

A persepsie
B insig
C gewaarwording
D begrip

1.1.10 Om mense tot net verby hul huidige vermoëns te druk, staan bekend as …

A selfgerigte leer.
B aktiewe betrokkenheid.
C intellektuele uitdaging.
D ondersteunende leer.

1.1.11 As ons iets moet onthou, noem ons dit …

A retensie.
B reproduksie.
C in herinnering roep.
D aandag.

1.1.12 Visuele diskriminasie is 'n gevolg van …

A blindheid.
B fisiese probleme.
C visuele persepsieversteuring.
D geestesversteuring.

1.1.13 Leiers is … volgens die Griekse temperamente.

A sanguinies
B choleries
C melancholies
D flegmaties

Kopiereg voorbehou

1.1.14 … bestaan uit senuweeselle en bondels aksone.

A Witstof
B Grysstof
C Rugmurg
D Neurone

1.1.15 Ons verloor motivering weens gebrek aan …

A geld.
B geleenthede.
C fokus.
D vermoëns.

(15 × 1) (15)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 … verwys na persoonlike eienskappe waarmee 'n individu gebore word.

1.2.2 Maslow se teorie gebaseer op menslike motivering staan bekend as …

1.2.3 Die … is verantwoordelik vir beweging en balans.

1.2.4 Mense met 'n … persoonlikheid beïnvloed dikwels hul lewens negatief.

1.2.5 ... is 'n teken dat jy goed voel oor jouself en jou vermoë om dinge te doen.

1.2.6 Die … proses bestaan uit denke, redenasie en probleemoplossing.

1.2.7 ... is om 'n mantra of heilige frase op te sê as 'n tegniek tot groter selfbewussyn.

1.2.8 … is die kondisionering waar belonings slegs gegee word as 'n nuwe, gewensde gedrag bereik is.

1.2.9 … is die klassifikasie van leervlakke.

1.2.10 As ons … is, kan ons sekere dinge doen sonder om daaroor te dink.

(10 × 1) (10)

1.3 Verduidelik die verskil tussen *kennis* en *vaardigheid.* (2)

1.4 Verduidelik wat die term *lewenslange leer* beteken. (1)

1.5 Noem TWEE soorte leer. (2)

[30]

VRAAG 2

2.1 Kies 'n item vanuit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Eienskap wat nodig is wanneer e-leer plaasvind ❖	A	sekondêre versterking
2.1.2	Soort kondisionering wat plaasvind tydens assosiasie	B	selfverwesenliking
2.1.3	Wanneer jy nie weet watter taak die belangrikste is nie	C	internalisering
2.1.4	Wys selfdissipline, ywer en beplan prestasie/bereiking	D	pligsgetrouheid
2.1.5	Wanneer jy jou volle potensiaal bereik het en kreatief wil wees	E	gebrek aan prioriteit
2.1.6	Ervaar maklik onaangename emosies	F	selfdissipline
2.1.7	Hoogs aktiewe kind wat nie nuwe situasies maklik aanvaar nie	G	veeleisende persoon
2.1.8	Die kind weet sy gaan lekkergoed kry as sy die geluid van die pakkie hoor	H	emosionele intelligensie
2.1.9	Wanneer 'n persoon sy/haar bui kan beheer, verhoudings bestuur en empatie toon ❖	I	neurotisme ❖
2.1.10	Proses waar daar nie baie gedink word oor om te doen nie	J	klassieke kondisionering

(10 × 1) (10)

2.2 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

narsissisme; uniek; selfdoeltreffendheid; veroordeling; geheuebrûe; ingewortel; visualisering; sensitiwiteit; olfaktoriese; begrip; gedragsleer; prestasie; konflik; taktiel; passiewe

2.2.1 Gevoel van persoonlike bevoegdheid

2.2.2 Om die inligting wat ons leer te verstaan

2.2.3 Tydens hierdie handeling kom aangeleerde gedrag na vore

2.2.4 'n Aktiewe studietegniek

2.2.5 Om na 'n prentjie te kyk van dit wat jy wil hê as jy moedeloos voel

2.2.6 Die teorie van diere- of menslike leer wat waargeneem kan word en waaraan kognitiewe aksies nie verbind is nie

2.2.7 'n Persoonlikheid wat ná 'n paar jaar vas en onveranderlik is

2.2.8 'n Verskil in die waardes en belangstellings van twee mense

2.2.9 Lees is 'n kenmerk van hierdie soort leerstyl

2.2.10 'n Eienskap van temperament

2.2.11 Inligting wat deur reuke ontvang word

2.2.12 'n Persoonlikheidsversteuring waar iemand te veel tyd bestee om sy/haar eie vermoëns te bewonder

2.2.13 Wanneer ons dit wat ons sien vergelyk met dit wat ons as die standaard beskou

2.2.14 Die manier waarop 'n kind inligting versamel deur aan verskillende teksture te raak

2.2.15 'n Persoon met ongewone eienskappe wat nie baie ander mense het nie

(15 × 1) (15)

2.3 Lig TWEE redes uit waarom Sielkunde van Leer vir 'n opvoeder belangrik is.

(2 × 2) (4)

2.4 Verduidelik die konsep van *werklike lewensituasie.* (1)

[30]

VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Paranoia is die irrasionele gevoel van te veel selfbewussyn ('over self-awareness').

3.1.2 Persoonlikheidstipe word deur 'n persoon se eienskappe bepaal.

3.1.3 'n Natuurlike gevolg is wanneer ons koudkry en nie iets warm saamgebring het om aan te trek nie.

3.1.4 Medikasie is die enigste manier hoe 'n persoon stres kan beheer.

3.1.5 Dankbaarheid is wanneer jy geStaafd voel en dink dat jy goed is met sekere take.

3.1.6 Deur aktief by aktiwiteite betrokke te wees, sal leer verbeter.

3.1.7 Gedragskondisionering staan ook bekend as operante kondisionering.

3.1.8 Uitstel is 'n gevolg van perfeksionisme.

3.1.9 Die idealis gebruik die funksies van aanvoeling en persepsie.

3.1.10 Hoërordekondisionering kan slegs op mense gedoen word.

3.1.11 Die beste roetine is om elke dag min of meer op dieselfde tyd te studeer.

3.1.12 Sistematiese desensitisering sal die angstigheid verminder wat 'n persoon aangaande 'n stimulus het.

3.1.13 'n Gemaklike ('easy-going') persoon sal dieselfde aktiwiteite heeltyd geniet.

3.1.14 Om te dink is wat mense van diere onderskei.

3.1.15 Temperament en persoonlikheid word deur oorerwing en die omgewing beïnvloed.

(15 × 1) (15)

3.2 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Lucy is baie kreatief en hou daarvan om haarself deur nieverbale kommunikasie uit te druk. Haar tekeninge druk haar innerlike gedagtes uit. Lerato aan die ander kant hou daarvan om jou te vertel van haar innerlike gevoelens en wil hê dat die werk logies moet wees.

3.2.1 Identifiseer die dominante kant van Lucy se brein. Staaf jou antwoord. (2)

3.2.2 Dink jy Lerato gebruik dieselfde kant van die brein as Lucy? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

3.2.3 Stel TWEE aktiwiteite op wat 'n opvoeder vir Lucy kan gee om in die klas te doen. (2 × 2) (4)

3.2.4 Hoe sal Lucy se reaksie van Lerato s'n verskil as hulle die woord *hond* hoor? (2)

3.2.5 Alhoewel Lucy en Lerato verskillend leer, het hulle steeds dieselfde grondreëls nodig wanneer hulle leer.

Noem VYF strategieë wat hulle kan gebruik om doeltreffend te studeer. (5)

[30]

VRAAG 4

Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Avril moet vir tien dae empatie en goedheid teenoor ander kinders betoon omdat hy aanhou om hulle te boelie. Tuis is hy die ouboet en hy beskou dit as sy plig om na die kleiner kinders te kyk. Hy het baie selfvertroue. Hy beskou homself ook oor die algemeen sterker as ander kinders en het 'n behoefte om dit te bewys. Hy word baie kwaad as kinders vir hom sê dat hul broers sterker is of as die kinders nie wil doen wat hy vir hulle sê nie. Hy hou nie van verandering of nuwe aktiwiteite nie.

4.1 Bespreek die volgende aspekte van Avril:

4.1.1 Sy selfkonsep

4.1.2 Positiewe maniere om sy selfvertroue te gebruik

4.1.3 Sy algemene opinie van homself of sy selfbeeld

(3 × 2) (6)

4.2 4.2.1 Met bogenoemde scenario in gedagte, verduidelik hoe ons Avril kan help om sy woede op 'n positiewe manier te hanteer. (1)

4.2.2 Noem TWEE metodes om Avril te leer hoe om sy bui of woede te voorkom. (2 × 2) (4)

4.2.3 Identifiseer TWEE idees wat die opvoeder kan gebruik om Avril se selfbewussyn te ontwikkel. (2 × 2) (4)

4.3 Watter soort temperament dink jy het Avril? Staaf jou antwoord. (1 + 1 × 2) (3)

4.4 Dink jy hy is 'n introvert of ekstrovert? Staaf jou antwoord. (1 + 1 × 2) (3)

4.5 Avril beskik oor die eienskap van deursettingsvermoë en aandagspan. Hy kan take voltooi as hy hou van wat hy doen.

Ondersoek DRIE maniere hoe 'n opvoeder hom kan help as hy voor struikelblokke te staan kom en wil tou opgooi. (3)

4.6 Avril het 'n hoë telling behaal vir openheid ten opsigte van die vyf breë faktore van menslike persoonlikheid.

Identifiseer TWEE beroepe wat jy vir Avril sal aanbeveel. (2 × 2) (4)

4.7 Verduidelik die kondisionering waar Avril se gedrag verswak word weens die ervaring van negatiewe nagevolge. Geen EEN voorbeeld. (2)

[30]

VRAAG 5

Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Lundi het gesien dat Peter 'n fluitjie saamgebring het skool toe. Later die dag, terwyl haar rug op Peter gedraai was, het hy die fluitjie geblaas. Sy het gewip van die skrik. Sy het vinnig omgedraai om te sien wat die oorsaak van die geraas was. Toe Peter regmaak om weer die fluitjie te blaas, het Lundi haar ore toegedruk.

5.1 Wanneer het Lundi die volgende gewys:

5.1.1 Neutrale reaksie (2)

5.1.2 Refleksreaksie (2)

5.1.3 Gekondisioneerde reaksie (2)

5.2 Is uitdowing ('extinction') moontlik? Staaf jou antwoord. (1 + 1 × 2) (3)

Kopiereg voorbehou

5.3 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Juliet het 'n uiterste vrees vir spinnekoppe sedert haar broer 'n plastiekspinnekop in haar bed gesit het. Sy maak klein spinnekoppies en miere dood as gevolg van haar vrees.

5.3.1 Dink jy Juliet het 'n vrees of 'n fobie? Staaf jou antwoord. (2)

5.3.2 Gee TWEE maniere hoe jy Juliet kan help om haar vrees te oorkom. (2 × 2) (4)

5.4 Volgens Watson, behels moderne reklamestrategieë kondisionering.

Verduidelik DRIE voorbeelde van hoe reklame mense kondisioneer. (3 × 2) (6)

5.5 Evalueer hoe modellering wat op reklame gebaseer is 'n negatiewe uitwerking op verbruikers kan hê. (2)

5.6 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Jason is in pleegsorg. Sy familie het hom misbruik omdat hy 'n fisiese gebrek het. Hulle sou hom vir dae sonder kos laat bly en hom heeltemal ignoreer. Hulle hou aan om vir hom te sê dat hy niks in die lewe sal bereik nie. Sy pleegouers, aan die ander kant, het hom gehelp verstaan dat daar ander mense net soos hy is en dat hy enigiets kan bereik as hy wil. Sy opvoeder is van Jason se situasie bewus.

5.6.1 Identifiseer DRIE aspekte wat die opvoeder kan doen om vir hom 'n beter omgewing by die skool te skep as wat hy by sy familie gehad het. (3)

5.6.2 Lig TWEE aktiwiteite uit wat die opvoeder vir Jason kan gee om te help met die ontwikkelingsagterstand weens laat registrasie. (2 × 2) (4)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou